# BYLAAG A

## Suid-Afrika se werkloosheid styg te midde van politieke en ekonomiese onsekerheid






[Bron: <statssa.gov.za>]

**Die Oos-Kaap en Noordwes staar kommerwekkende werkloosheidsyfers in die gesig**
*(Source: statssa.gov.za)*
Suid-Afrika se werkloosheidskrisis bly groei. Die Oos-Kaap het die hoogste werkloosheid-syfer, maar Noordwes is nie ver agter nie, met meer mense werkloos as in diens.

Volgens Statistieke Suid-Afrika het die land se werkloosheidskoers gestyg van 32,1% vroeg in 2023 tot 32,9% vroeg in 2024. Dit dui op 'n toename van 0,8%, wat die totale aantal werklose mense op 8,2 miljoen te staan bring, 'n toename van 330 000.

**Werksverliese per provinsie:**
Verskeie provinsies het die afgelope jaar werksverliese ervaar:
- Wes-Kaap: 17 000 werksverliese
- Noordwes: 13 000 werksverliese
- Mpumalanga: 8 000 werksverliese
- Oos-Kaap: 4 000 werksverliese
- Noord-Kaap: 3 000 werksverliese

**Provinsies met die laagste werkloosheidsyfer:**
Ten spyte van die nasionale tendens het sommige provinsies relatiewe lae werkloosheid:
- Wes-Kaap: 21,4% (laagste in die land)
- Noord-Kaap: 28,3%
- KwaZulu-Natal: 29,9%
- Limpopo: 32,7%

Die Wes-Kaap het die afgelope dekade voortdurend ver onder die nasionale werkloosheids-gemiddeld gebly, met KwaZulu-Natal dikwels net daarna.

**Die rol van toerisme in werkskepping**
Suid-Afrika se stygende werkloosheid word gekoppel aan toenemende maatskaplike kwessies soos misdaad, dwelmmisbruik, huishoudelike geweld en tienerswangerskappe. Die toerisme-bedryf, wat beskryf word as 'n "sonsopkoms-sektor", bied egter 'n uitweg vorentoe.

Die toerismebedryf het die potensiaal om baie werksgeleenthede te skep, en sodoende die plaaslike- en nasionale ekonomie 'n hupstoot te gee. Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT) beklemtoon dat groeiende inkomende en binnelandse toerisme beduidende geleenthede vir indiensneming en ekonomiese groei kan bied.

***Word vervolg op volgende bladsy***

IEB Copyright © 2025 

**23 Mei 2024, SATSA NUUS**

**SATSA** *(Suid-Afrikaanse Toerisme Dienste Assosiasie)* **oorbrug die digitale kloof**

Die toerismebedryf werk daaraan om werkloosheid te verminder deur opleiding en geleenthede aan jongmense en benadeelde groepe te bied.

Die **Bridging the Digital Divide (BDD)**-program is 'n sleutelinisiatief wat die tekort aan digitale vaardighede in hierdie gemeenskappe aanspreek. Onlangs uitgelig by die **Nasionale Toerisme-loopbaan-ekspo 2024**, kombineer die program aanlyn en in-persoon opleiding om deelnemers te bemagtig.


"Gebeurtenisse soos die Loopbaan-ekspo is noodsaaklik om die wye reeks geleenthede in toerisme ten toon te stel," sê Hlazo, 'n SATSA-verteenwoordiger.

Die BDD program fokus op landelike gemeenskappe, vrouens en jongmense, om toegang tot digitale onderrig te bied om hul kanse op indiensneming en persoonlike groei te verbeter.

[Aangepas uit: <https://www.satsa.com/news/unlocking-tourisms-potential-tackle-unemployment#:~:)>
<https://www.southafrica.net/gl/en/corporate/page/provincial-tourist-arrivals-report>]

IEB Copyright © 2025

**BYLAAG B WÊRELDTYDSONEKAART**



## BYLAAG C

**Buccaneers Lodge: 'n *Fair Trade* gesertifiseerde skat**
*deur Jeanette Phillips*

***Fair Trade* in Toerisme Suid-Afrika (FTTSA)** het Buccaneers Lodge and Backpackers, geleë in die Oos-Kaap, amptelik geakkrediteer.

Besit deur die Price-familie, bied Buccaneers 'n verskeidenheid akkommodasie-opsies aan om verskillende tipe reisigers te pas.

**Aktiwiteite en Omgewingspogings**
'n Uitstaande kenmerk van Buccaneers is die verskeidenheid aktiwiteite en toere wat beskikbaar is vir gaste. Die lodge is ook toegewyd aan omgewingsbestuur. Dit vang gryswater op in opbergingstenks, waarvan die meeste gebruik word vir besproeiing en kompos. Organiese afval van die lodge word na 'n nabygeleë varkplaas gestuur.

**Ondersteun die Chintsa Gemeenskap**
Buccaneers speel 'n aktiewe rol in die ondersteuning van die plaaslike Chintsa-gemeenskap. Vir meer as 20 jaar het die Price-familie nou saamgewerk met **Bulugha Plaasskool**, wat in die 1980's gebou is. Gaste se donasies het die skool gehelp om elektrisiteit te installeer, 'n rekenaarsentrum in te rig en 'n voedselskema te bestuur. Hierdie program bied werk aan 'n kok en twee warm etes daagliks aan byna 200 kinders.

Die lodge ondersteun ook **Volunteer Africa 32° South**, 'n organisasie wat help om rekenaar-geletterdheid en sportvaardighede in landelike Wilde Kus skole te verbeter.

**Vrywillige Ondersteuning en Onderwys**
Buccaneers bied gratis akkommodasie aan vrywilligers van Nurnberg Universiteit in Duitsland, wat met die rekenaaronderwysprogram help. Danksy hierdie inisiatief het 25 plaaslike gemeenskapslede werk, en 600 kinders ontvang daaglikse rekenaaronderrig.

**Vriende van Chintsa**
Buccaneers is 'n lid van **Vriende van Chintsa**, 'n nie-winsgewende groep wat plaaslike projekte ondersteun. Een van die huidige projekte behels die opstel van 'n plaaslik bestuurde kano- en stapbesigheid. Gaste word aangemoedig om skenkings aan verskeie programme d.m.v. hierdie organisasie te maak.

[Aangepas uit: <https://www.tourismupdate.co.za/article/fttsa-certifies-buccaneers-lodge-and-backpackers> Verkry 26 Mei 2024]

IEB Copyright © 2025

## BYLAAG D NASIENRUBRIEK VIR DIE OPSTEL OOR BUCCANEERS LODGE

| Kriteria | Prestasie-aanwysers | | | | | Moontlike punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kode 7 | Kode 6 | Kode 5 | Kode 4–3 | Kode 2–1 | |
| **Toepassing van bydraende faktore** | Pas relevante faktore deeglik toe met gedetailleerde voorbeelde. (10–8) | Pas relevante faktore toe met voorbeelde, maar ontbreek sommige detail. (7–6) | Pas sommige relevante faktore toe, maar oppervlakkig. (5–4) | Pas min relevante faktore toe, kort diepte. (3–2) | Kan nie relevante faktore toe pas nie of verskaf verkeerde inligting. (1–0) | **10** |
| **Evaluering van sukses in terme van kenmerke/ karaktereienskappe** | Omvattende evaluering met behulp van veelvuldige kenmerke, sterk ondersteun deur die teks. (6) | Sommige goeie kenmerke word genoem, maar ondersteun dalk nie alle kenmerke uit die teks nie, OF weglatings lei daartoe dat kode 7 nie bereik is nie. (5) | Basiese evaluasie, oppervlakkig of nie volledig. (4–3) | Poog om te evalueer, maar ontbreek logika en detail. (2) | Kan nie sukses evalueer nie of verskaf verkeerde inligting. (1–0) | **6** |
| **Aanbevelings en professionele beeld** | Insiggewende, haalbare aanbevelings, goed ondersteun. (6–5) | Goeie aanbevelings met ondersteuning, maar ontbreek diepte. (4–3) | Basiese aanbevelings, vaag, ontbreek sterk ondersteunende inligting. (2) | 'n Paar of onduidelike aanbevelings, min ondersteunende inligting. (1) | Kan nie aanbevelings maak nie of verskaf irrelevante aanbevelings. (0) | **6** |
| **Gebruik van voorbeelde en bewyse** | Inkorporeer doeltreffende veelvulgige, relevante voorbeelde en bewyse. (5) | Gebruik relevante voorbeelde en bewyse, maar mis sommige geleenthede. (4) | Gebruik sommige voorbeelde en bewyse, nie konsekwent. (3) | Gebruik 'n paar swak voorbeelde en bewyse. (2) | Relevante voorbeelde en bewyse ontbreek. (1–0) | **5** |
| **Organisasie, inleiding en duidelikheid** | | Goed georganiseer, duidelike, logiese verloop, vlot oorgang tussen paragrawe. (3) | Redelik georganiseerd, probleme met logiese samehang en oorgang. (2) | Swak organisasie, onduidelike idees en swak oorgang. (1) | Ongeorganiseerd, moeilik om te volg. (0) | **3** |
| **Totaal: 30 punte** | | | | | | |

IEB Copyright © 2025

## BYLAAG E NASIENRUBRIEK VIR KONSEPKAART

| Kriteria | Prestasie aanwysers | | | | Moontlike punt |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Oortref verwagtinge** | **Voldoen aan verwagtinge vir vlak 6** | **Sommige aspekte ontbreek** | **Voldoen nie aan verwagtinge nie** | |
| **Hoe Buccaneers die drievoudige-basislyn ondersteun** | Beskryf die ekonomiese, omgewings- en sosiale ondersteuning deeglik met sterk voorbeelde uit die uittreksel en eie kennis. (8–7) | Beskryf die ekonomiese, omgewings- en sosiale ondersteuning met goeie voorbeelde, klein details uitgelaat. (6–5) | Beskryf basiese aspekte van die ondersteuning van die drievoudige-basislyn, ontbreek deeglikheid of detail in voorbeelde. (4–3) | Poog om ondersteuning vir die drievoudige-basislyn te beskryf, maar ontbreek in duidelikheid of betekenis-volle detail. (2–0) | **8** |
| **Hoe FTTSA bydra tot verantwoordelike en volhoubare toerisme** | Omvattende verduideliking van FTTSA se rol met sterk ondersteuning uit die uittreksel en eie kennis. (5) | Goeie verduideliking van FTTSA se rol, sommige details of diepte ontbreek. (4) | Verskaf 'n basiese verduideliking van FTTSA se rol, maar ontbreek detail en diepte. (3–2) | Vae poging om FTTSA se rol te beskryf, of nie geadresseer nie. (1–0) | **5** |
| **Hoe Buccaneers Lodge verantwoordelike en volhoubare toeriste kan trek** | Deeglike beskrywing van effektiewe strategieë met sterk voorbeelde en logiese redenasie. (5) | Beskryf goeie strategieë met ondersteuning, klein details of diepte ontbreek. (4) | Beskryf basiese strategieë, ontbreek deeglikheid of sterk ondersteuning. (3–2) | Vae poging om strategieë te beskryf, of nie geadresseer nie. (1–0) | **5** |
| **Aanbevelings vir bestuur om dienslewering te verbeter** | Insiggewende, haalbare aanbevelings vir die verbetering van dienslewering, goed ondersteun deur voorbeelde en redenasie. (4) | Goeie aanbevelings met ondersteuning en redenasie, maar ontbreek diepte. (3) | Basiese aanbevelings, ontbreek sterk ondersteuning en deeglikheid. (2) | 'n Paar of onduidelike aanbevelings, min ondersteuning of redenasie, of nie geadresseer nie. (1–0) | **4** |
| **Adviseer bestuur oor suksesvolle terugvoermetodes** | Deeglike en praktiese advies oor terugvoermetodes, goed ondersteun deur voorbeelde en logiese redenasie. (4) | Goeie advies oor terugvoermetodes met ondersteuning, sommige detail of diepte ontbreek. (3) | Basiese advies oor terugvoermetodes, ontbreek deeglikheid en sterk ondersteuning. (2) | Poog om advies te gee oor terugvoermetodes, ontbreek duidelikheid en betekenis-volle details (1–0) | **4** |
| **Verduidelik skakels wat begrip toon van die onderlinge verhouding tussen konsepte. Sleutel en kleure verskaf om die konsepte te onderskei** | Duidelike en logiese verduideliking van skakels, wat 'n deeglike begrip van die onderlinge verhouding tussen al die konsepte demonstreer. Kleure en sleutel verskaf. (4) | Goeie verduideliking van skakels, wat begrip van die onderlinge verhoudings demonstreer, maar klein details of duidelikheid ontbreek. Kleure en sleutel verskaf. (3) | Basiese verduideliking van skakels, wat 'n sekere begrip demonstreer, maar ontbreek aan deeglikheid of detail. Óf sleutels óf kleure is verskaf. (2) | Pogings om skakels te verduidelik, maar dit ontbreek duidelikheid of betekenisvolle besonderhede, toon beperkte begrip. Beide sleutels en kleure ontbreek. (1–0) | **4** |
| | | **Totaal: 30 punte** | | | |

IEB Copyright © 2025